



TOULEIER



Helpende Hand ploeg mooi vooruit

Die vervolg van my en kamermaatjie se omswerwinge gaan eers moet oorsaak tot volgende jaar. Ek gee graag met die laaste uitgawe van die jaar vir ons lesers terugvoer oor ons Kosblikkie-projek se vordering tot op hede.

Daar het nou reeds twee volle maande verloop sedert ons die bedrag na die Hennenman Helpende Hande-tak vermeerder het na R1000 per maand sodat hulle effektiewe hulp kan bied aan baba Lielie se gesin (skuilname word gebruik). Bo en behalwe dit, was daar ook 'n lekker groot skenking reguit aan Hennenman vanaf 'n gesin in Namibië.

Helpende Hand, wat direk betrokke is, berig as volg oor hoe hulle die fonds aangewend het:

Maandeliks word melk vir baba Lielie aangekoop. Soos vantevore genoem, het die mamma die hele gesin se klere met die hand gewas – eers het ons daaraan gedink om dalk maar 'n nuwe dubbelbalie vir hulle aan te skaf, maar dan sou daar maar min geld oor wees vir ander items. Dis altyd wonderlik hoe mens op die regte tyd van die regte ding hoor, en so kom daar toe 'n tweedehandse wasmasjien op ons pad – ons betaal toe 'n paar sent minder as R200 vir die masjien wat gelukkig in 'n werkende toestand was!

Helpende Hand het ook met Ria gesels oor dinge wat hulle dalk in die huis en vir die kinders nodig het. Sy noem toe dat hulle nie 'n vrieskas het nie, en hoe nuttig dit sal wees om groot klompie groente, ens., te bewerk en te bevries. Sy het toe ook self te hore gekom van 'n vrieskas waarvan iemand ontslae wil raak – slegs 'n verdere R300.

Chantel, die skoolgaande dogter, se skooltas was gedaan – sy gaan ook volgende jaar graad 4 toe. Ons het toe sommer 'n lekker groot skooltas aangeskaf by Checkers (R249.99). 'n Skoolsweetpak is baie duur en is die enigste skoldrag in die winter – ons het daar een aangekoop (R410). En toe 'n familielid hulle enkelbed kom haal, moes Chantel maar by ma en pa in die bed slaap. Ons kon toe 'n goedkoop sponsmatras by die plaaslike Indiërwinkel kry vir R175.

Daar is nog geld oor, maar Helpende Hand wil dit nie dadelik uitgee nie – wil net eers ophou wat die nuwe jaar vir hulle inhou en kyk of hulle skryfbehoeftes vir die skool moet koop.

Baba Lielie het ook die minimum speelgoed. Ons sal graag vir haar 'n paar sinvolle speelgoedjies wil kry wat sommer help met die stimulasie wat so nodig is – ons het egter 'n lekker klompie tweedehandse speelgoed by iemand gekry en gaan net eers wag dat sy daardie goedjies gewoon speel voordat ons aankope doen.

Kammanuus se dank gaan weereens uit aan diegene wat steeds so gereeld skenk en die span daar in Hennenman wat 'n verskil maak namens ons. Vir die wie se armpies intussen lank genoeg geraak het om onder in die lang sakke by te kom, kontak my gerus vir die bankbesonderhede.

Mag julle almal 'n heerlike rustige feesseisoen bekeef en in vrede, liefde en veiligheid saam met jul vriende en familie deurbring. **Kammanuus** sal eers weer op 18 Januarie 2016 verskyn.

Kersgroete uit Onrusrivier waar ons nou na sowat dertig jaar in die buiteland ook uiteindelik kom aftree het.

Hennie en Annabelle, ook bekend as kamermaatjie.

Hennie Greeff
Hermanus
UITGEWER

Om die kampvuur

Boeta, was hulle VERKEERD! (5)



"Ons hou nie van hul klank nie en kitaarmusiek is op pad uit."

- Die Decca Platemaatskappy, wat in 1962 nie 'n kontrak met die Beatles wou sluit nie.

Etimologiese Afrikaans

Dink terug aan jou skooldae en spesifiek aan die woordeskat wat jy en jou vriende toe gebruik het.

Die kans is skraal dat jy steeds dié woorde daaglik gebruik.

Hierdie fenomeen word taalkundig as 'n sosiolek beskryf – volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek as 'n "kenmerkende taalvorm soos ontwikkel en gebruik deur 'n bepaalde sosiale gemeenskap".

Ek het 'n paar vriende gevra watter woorde hulle kan onthou van hul skooldae en tien van die gewildstes hier gebruik.

10. nool – 'n simpel persoon. "Kyk wat het daardie nool met jou rugbybal gedoen."

9. ghwel – spoeg. "Moenie op die stoep ghwel nie."

8. spiff – lekker, mooi, uitstekend. "Jy moet my spiff nuwe fiets sien."

7. ghoeft – swem. "Kom ons gaan ghoeft in die dam."

6. bevange – fantasties, ongelooflik.

"Daai nuwe Bon Jovi-CD is bevange, hoor."

5. tappit – laeklas-persoon. "Was bietjie jou hare, jy lyk tappit."

4. zaan – sigaret. "Steek weg daai zaan voor die prefekte jousien."

3. horing – sleg, aaklig. "Warm Coke is regtig horing."

2. poegie – klein motorfiets, bromponie.

"Leen my bietjie jou poegie, ek moet zaans gaan koop."

1. kief – lekker, genotvol, oulik, mooi. "Kyk my kief nuwe Gypsy's."

Onthou jy dié woorde? Watter ander woorde het jy en jou maats op skool gebruik?

♦Riaan Grobler op Netwerk24.



Oom Jan Droëpan:

"Hoe ouer ek word
hoe beter onthou ek
hoe goed ek was."

Limeriek

By 'n pragtige poppie Van
Blerk
kom sleep al wat 'n kêrel is
vlerk -
maar sy kon nie sê nee
en die troudag, o wee,
staan die bruidegoms tou by
die kerk!

- Philip de Vos

Griekwa seënwens

**Mag die Jirre se liefde
jou oorspoel solat jou
tanne koud kry van
allie lag en jou se lywe
blink vannie Jirre se
vettigheid.**

DANA SNYMAN KRY POS IN 'AFRIKAANS'

Dis vir haar amazing dat party mense so ontstel is omdat Stellenbosch nie meer Afrikaans gaan wees nie, sê Janita, my intellektuele vriendin.

Dit was anyway inevitable, sê sy. Dis tyd dat Stellenbosch 'n global university word.

Dis nie dat sy nie Afrikaans love nie, sê Janita. Sy love Afrikaans, sê sy.

Afrikaans is hierdie incredibly beautiful taal met die amazingste poetry, sê sy.

Jy kan hierdie beautiful dinge in Afrikaans sê wat jy nie in Engels kan sê nie, sê sy.

So, why all the fuss?

Solank ons Afrikaans praat, sal die taal survive, sê sy.

Duskantlander in Anderkantland

Ghana se kinders word in pyn groot

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana

Ons oorleef ons derde kontrak in Akkra en vier jaar in Ghana het weer verbygeglip. Hierdie plek is 'n miernes van bedrywigheid. Daar woon immers vier miljoen mense in dieselfde stad as ek! Tans is hier 'n nuwe intrekker uit Holland in Akkra, ek is ougat en wys haar so effe die dorp. Nou beleefensien ek, van voor af, weer die mense van Wes Afrika deur nuwe oë.

Dis 'n erge skok as straatsmouse en taxidrywers soos slange vir jou his om jou aandag te trek. Seker maar beter as om soos 'n hond geroep te word met 'n fluit. Natuurlik is dit baie effektief en mens leer dit gou-gou self aan. Ek smaak dit dik, elke keer as ek 'n kelner of lugtydverkoper van doer oorkant nader roep met my slang-his.

In Windhoek kan ek my kinders van anderkant die rugbyveld af se aandag trek. Ek steur my nie aan snaakse kyke nie, maar die koffiemoffies op die vlugte is 'n ander storie. Boeta, hulle vermy die een wat dit waag om te his-roep soos 'n stopstraat; die hele vlug.

Hierdie mense vertel jou sommer so in die gesig jy's vet! Stadig oor die klippertjies, tel tot tien ... hulle is nie gemeen nie, hulle reken 'meer gesonde' mense is welaf want natuurlik skiet jy nie tekort nie. My vriendin se graad twaalf-kind is so honderd en vyf kilogram en 1,8 m lank. Hy kan negentien wees, maar sy onderwyser raai hy's seker vyf-en-dertig, want hy is so 'groot'.

"Gee my geld...!" bakhard reeds onder jou neus ingedruk. Dis iets om aan gewoon te raak dat vreemdes en kinders sommer prontuit vir geld vra. Hierlangs ry ek die strate plat met my bergfiets. Nie een dag gaan verby waar 'n hekweg of skoonmaker nie indringend vra – "gee my jou fiets" nie.

Doer in die stokkies, in 'n stat waar ons 'n kliniek bou, neem ek gedurig foto's. Die Groot Indoera skuifel nader en ek stel voor dat ek al die foto's vir hom sal aanstuur. "Dankie", sê hy "dis goed so, maar eintlik soek ek 'n nuwe selfoon".

Ghanese neuk die blou waks uit hulle kinders. Sommer so plathand oor die kop of skouer, KARPLAKS! 'n Stoute Ghanese kind gaan jy nie sommer vind nie. Dié wat wel in winkels ingaan is besoekers van elders. Ek reken hierdie kinders leer van pyn van kleins af, want kort-van-draad onderwysers het altyd 'n kweperlat byderhand en deel karwatsstrepe uit oor ore, koppe en skouers. So klein soos vyf jaar oud jaag hulle mekaar rond met stokke en skree: "Ek slaat jou, ek maak jou vrek vandag!"

Teen die tyd dat hulle skool verlaat is hulle almal bedees gedonner; kalm soos mak lammers wat praat in fluisterstemme.

Geen Ghanees gaan ooit vir jou sê: "Ek weet nie". Dit vind jy uit as jy twee ouens op straat stop en rigting vra. Beide se arms skiet uit, skouerhoogte en dui twee verskillende rigtings aan. Niemand gebruik straatname nie en taxidrywers loer in die truspieël na jou om te raai watter kart toe om af te draai. Voordat jy ingeklim het, het hulle manhaftig bevestig hulle weet presies waarheen jy op pad is. Selfs as hulle die woord "nee" nie kan vermy nie, voeg hulle die woord "please" agteraan by om die inslag daarvan te verminder.

'I go to sheet!'

Hierdie mense leef nog ra aan die bos. Jy sit in die sitkamer met teekoppie in die hand en kombuisfeëtjie kom ingefladder en verklaar: "I go to sheet". Mans dink ek wil net pronk want hulle staan skaamteloos orals en water aëlaan. In verkeer, op sypaadjes, in die mark, teen lamppele en monumente is kennisgewings wat sreek dat mans die krane moet toehou.

Wit mense in die bos is nog altyd 'n aardigheid. Kindertjies skree al 'n honderd meter ver: "Obruni, Obruni!" wat in Twi maar net beteken 'besoeker van oor die horison'. Ek raak nooit moeg om te sien hoe almal om jou 'n kêns raak die oomblik as hulle jou sien nie. Hulle pak mieliepitte uit en klap handjies, en almal wil jou net een keer aanraak en wegol.

Nou leer ek die nuwe antie om haar hart effe te verhard, haar beursie toe te hou, nie te staar na die publieke ontbloting nie en vriendelik te waai as iemand haar "Obruni" roep.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



GOEIE MANIERE

Ek staan vanoggend by Pick n Pay vir die tante en wag, kom 'n klein seuntjie, seker so agt of nege jaar oud, na my toe en vra:

"Askies tog oom, maar het oom 'seblief dalk vir my geld vir sigarette?"

Ek was stomgeslaan!

Ek het nie geweet vandag se kinders van daai ouderdom het nog sulke mooi maniere nie!

JAAGDUIWEL

Jaagduiwel in hof: "Ek kan nie help dat ek die spoedgrens oorskry het nie. Dit is in my aard. Ek doen alles vinnig."

Landdros: "Goed. Kom ons kyk hoe vinnig kan jy sestig dae tronkstraf voltooi."

VROUENS

Een van die raaisels van die lewe is hoe 'n 2 kg boks sjokolade 'n vrou 10 kg kan laat aansit.

Enige gek kan kritiseer, veroordeel, verwyt en kla. Die meeste doen dit dan ook.

KASTEROLIE

Wat is die verskil tussen 'n ou wat brandewyn drink en een wat kasterolie drink?

Die ou met brandewyn ruk en rol, en die ou met die kasterolie knyp en hol!

VERSIGTIG!

Ek moenie my salarisstrokie in die kar laat lê nie.

Netnou verongeluk ek en dan dink hulle dit was selfmoord.

RUGBYSTORIE

Die verslonste ou rugbyspeler sit met sy sewende bier in die kroeg.

Hy draai na die ou watangs hom sit, en sê:

"Toe ek gespeel het, was ek so te sê alleen verantwoordelik dat die Maties die Tukkies drie jaar ná mekaar geklop het."

"Werklik?" sê sy met gesel beleëfd.

"En vir watter span het jy gespeel?"

TWEE ANTIES

Die twee anties staan vroegoggend met curlers in die hare, crympelene mini-rokke en 'n sigret in die hand en langs die draad en gesels.

Sê die een:

"Ek hoor jy vertel vir almal my man het 'n moesie op sy stingel."

Antwoord die ander een:

"EK het nie gesê dit is so nie, ek het net gese dit vóél so!"

Om oud en wys te wees, moet jy eers jonk en onnosel wees.
-- Onbekend

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Tante maak toe 'n plan

Die Tannie is 'n getroue kerk-ganger. Haar plek is nooit leeg nie. Van die oom kan nie die-selwde gesê word nie, maar almal het dit lankal aanvaar.

Op 'n dag begin die tannie by die kerk opdaag met 'n kardoosie in die hand. Sy sit dit sorgvuldig langs haar neer op die bank en neem dit weer saam huis toe.

Teen die vierde agtereenvolgende Sondag kon die dominee sy nuuskierigheid nie meer bedwing nie.

"Wat is die storie van die kardoosie wat tannie deesdae so getrou kerk toe bring?" wil hy by haar weet.

"Dominee," antwoord sy. "Die saak staan so. As ek Sondag van die kerk kom, wil die Oom eet, daarom sit ek al die kos op stadige hitte op die stoof voor ek hierheen kom.

"Ek het dit al so verfynd dat alles net mooi reg is teen die tyd dat as ons moetaansit.

"Maar toe begin die Oom met 'n nuwe laai. Hy eet al die Die lekker stukkie vleis op terwyl ek nog in die kerk is.

"Nou bring ek maarsy tande saam kerk toe.

KINDERS

- ♪ Loof Hom met die tromme
- ♪ Loof Hom met die harp
- ♪ Loof Hom met die stinkende sandale . . .

Die probleem met die wêreld is dat al die intelligente mense vol TWYFEL is terwyl die dommes weer vol SELFVERTRoue is

Ou tante wen 'n prys met haar slagspreuk

'n Bejaarde tante van Wisconsin, VSA, het op haar familie se melkplase gewerk vandat sy kon loop - ure se harde werk elke dag sonder veel vergoeding.

Toe geblikte Carnation Melk in die 1940s beskikbaar geword het, het sy 'n advertensie gelees daar is 'n prys van \$5000 vir die beste slagspreuk.


Die vervaardigers het gesoek na rympe wat begin met "Carnation Milk is best of all . . ." Sy het vir haarself gesê sy weet alles wat daar te wete is oor melk en melkplase.

Sy het haar inskrywing gestuur en weke later het 'n swart kar voor haar huis stilgehou.

'n Groot man het uitgeklim, aan haar deur geklop en gesê: "Mevrou, die president van Carnation Melk was absoluut dol oor jou inskrywing en ons ken \$1000 dollar aan jou toe selfs al kan ons nie jou rympe vir ons advertensies gebruik nie!"

Die president het wel haar inskrywing laat druk en geraam teen sy muur gehang.

Dit is hoe dit gelyk het:



NA SKRIF: Dis 'n baie oulike storie en julle kan hom maar oorvertel, maar dis ongelukkig nie waar nie ;-)

Moenie met die natuur lol nie!

In 1958 het Mao se Sjina begin met 'n groot program om spreekus sistematies uit te wis. Die gevolg was 'n sprinkaanplaag en hongersnood wat 20 miljoen Sjinese uitgewis het.

Ek wil graag so 'n broer wees



'n Sakeman in Kaapstad kom by sy nuwe motor aan terwyl 'n straatseuntjie dit staan en bewonder. Hy vertel die storie self so:

"Toe ek die sleutel in die motordeur steek, vra die seuntjie: "Is dit Meneer se motor?"

"Dis myne, ja."

"Hoeveel het hy gekos, Meneer?"

"Ou seun, ek weet nie."

Hy kyk ondersoekend na my: "Meneer, lyk nie na diesoort wat 'n motor sal steel nie, maar waar het Meneer dan die motor gekry?"

"My broer het dit vir my gegee." 'n Verlangende uitdrukking kom in die seun se oë en hy sê: "Ek wens..."

Ek verwag dat hy gaan sê: "Ek wens ek het so 'n broer gehad," maar hy eindig sy sin anders as watek verwag het, en dit raak diep in my hart:

"Ek wens ek kon so 'n broer wees." sê hy. My hart ruk wild in my borskas. Sy woorde raak my so dat ek hom dadelik wil plesier.

"Kom, klim in, dan voel jy hoe ry hy."

"Ek sal Meneer se kar net vuil smeer," keer hy. Ek dink by myself: jou klere mag vuil wees, maar jou hart is spierwit.

Ek dring by hom aan en hy klim gretig voor by my in. "Sal Meneer voor my huis stilhou, asseblief," vra hy dringend.

Ek hou voor 'n trapgang in 'n agterstraatjie stil. Soos 'n klipspringer is hy uit die motor en kom na 'n rukkie stadig terug met 'n kleiner seuntjie in sy arms. Die seuntjie is in mekaar getrek as gevolg van polio. Saggies sit hy die seuntjie op die onderste trap op die sypaadjie neer.

"Daaris hy, Boetie. Sy broer het dit vir hom gekoop. As ek eendag groot is, gaan ek vir jou net so 'n kar koop, dan kan jyself na al die winkelvensters gaan kyk."

Trane swem in my oë en met 'n knop in my keel sê ek: "Kom julle twee. Jou Boetie gaan sommervandag die winkelvensters sien." Ek help om die kreupel seuntjie voor by my en die ander een in te tel. Ek ry na die grootste winkel-sentrum in die stad.

Toe ons stilhou sê ek: "Kom ons gaan kyk," terwyl ek die kreupel outjie in my arms dra. "Soek uit wat julle wil hê."

Hulle het mildelik van my aanbod gebruik gemaak en gevat wat hulle wou hê. Die volgende paar uur in hulle geselskap was die gelukkigste tyd wat ek nog ooit in my lewe ervaar het.

Ek het besef dat die loon van om aan ander te gee, nie altyd materiële loon is nie, maar dat die beter loon 'n opgeruimde en gelukkige hart is.

Daaris mense wat vryelik uitdeel en tog steeds meer het as ander wat suinig is. Wie 'n ander voorspoed gun, sal self 'n oorvloed hê.

Wie die dors van ander les, sal self nooit dors word nie.

En ek het besef ek wil so 'n broer wees.

Die skoolhoof roep die onderwyseres in kantoor toe om oor Jannie te praat.

"Juffrou Griesel, dit is nie nodig om elke keer 'n dankie-sê-briefie vir Jannie se mamma te stuur as hy afwesig was nie!"

Stamboom

Help ons familiesoekers

FOURIE skatief@pdka.co.za

Jacobus Petrus Fourie 18 Januarie 1902 te Ottoshoop.

KRUGER adriaanjkrug@gmail.com

Dick William Tracey, gebore 04 November 1917 in Aliwal-Noord.

PRETORIUS albertsnr.pretorius@gmail.com

Ek soek na Toekie du Plessis, gebore +- 1955. Sy is my niggie. Haar suster was Anna, en haar broers was Izak en Kobus.

VAN RENSBURG martiebaden@webmail.co.za

Petrus Johannes van Rensburg (oupa) Charles William (vader) Charlotte Wilhelmina van Rensburg (Bannister)(ouma), Isabella Elizabeth van Rensburg (Taljaardt) (moeder). Petrus Johannes 23/3/1877, Charlotte Wilhelmina 23 Jan 1884 ?, Charles William, 28/7/1927 - 24/9/2000, Isabella Elizabeth, 21/3/1930-22/9/1991.

VAN STADEN naher.sle@gmail.com

Van Staden in Keimoes area Cape Town 1800 to 1900. Specially Petrus Jacobus van Staden



**Om lekker te lag en vet pret saam met jou tjommies te hê is soveel beter as 'n getimmer aan jou lyf – en BAIE goedkoper!
Maak sulke herinneringe bymekaar – jy leef mos net een keer!**

GEHEIM VIR LANG HUWELIK

Koos was besig om sy goue bruilof te vier toe 'n vriend vra hoe hy sy huwelik so lank aanmekaar gehou het.

"Wel," sê Koos, "toe ons getroud is, het ons 'n ooreenkoms gemaak dat sy al die klein besluitjies sal maak, en ek al die groot besluite.

"En weet jy wat? Ons het in 50 jaar nooit nodig gehad om 'n groot besluit te maak nie."

'Antie' gee seun groot verrassing

Die ou en sy jong seun ry een aand laat op 'n verlate pad toe hulle kar sonder petrol gaan staan.

Hulle onthou toe van die plaasbordjie waarby hulle so rukkie gelede verby gery het. Die ou stuur sy seun om te gaan hoor of die boer hulle kan help. Toe die seun by die huis kom, klop hy. Hy klop weer en sien dat daar 'n flikkering in die huis is

Die boer sluit oop en hy staan daar met 'n lantern. Hy het 'n lang ragrok aan en het 'n mussie op sy kop.

"Naand, Antie" sê die seun. "Naand", sê die boer. "Ek is nie 'n Antie nie, ek is 'n oom."

"Antie, ons het sonder petrol gaan staan en ons wonder of Antie ons kan help?"

"Magtag! Ek het vir jou gesê ek is nie 'n Antie nie!" en hy pluk sy ragrok op sodat die seun kan sien.

"JISSIE, ANTIE!" sê die seun. "My maats sal my nooit glo nie!"

Kamees en Kaneel



Clive Pheul is een van ons lesers wat besluit het om te skryf oor die Voortekker voorvaders se tussenin tye. Ons plaas die eerste van 'n paar bekendstellings soos ingestuur deur Clive self.

Nou ja, waar begin 'n mens, anders as by die begin? Ek is 'n afgetrede kunst- en geskiedenissonnie. As kind het ek al die boeke van F.A. Venter oor die Groot Trek gelees. Maar iets het bly krap aan my. Oral het die Trekkers iets gedoen op 'n plek en dan het iets eers weer gebeur op die volgende plek. Net name en datums tussen-in. Dalk om toe te maak waaroor daar liewer nie gepraat moet word nie?

Die keerpunt vir my het gekom met die konfrontasie oor die behoud van die naam PRETORIA teenoor die beoogde nuwe naam Tswane. Iets het in my oopgegaan en ek het besef dat ek ook 'n bydrae sal moet maak om ons pragtige kultuurhistoriese erfenis behoue te laat bly.

Die naam Pretoria herinner sterk aan Andries Pretorius, die held van Bloedrivier. Sy laaste plaas, genaamd Grootplaas, was naby vandag se Hartbeespoortdam. Terloops, Tswane 'n denkbeeldige naam van 'n denkbeeldige stammetjie wat kwansuis in die omgewing van Pretoria "gewoon" het. Weens sterk teenkating van baie individue het die naam Pretoria behoue gebly en Tswane word vandag gebruik vir die buitestedelike areas. En almal was tevrede.

Dit laat my dink aan die verhaaltjie van die duisende sees terre wat uitgespoel het op die strand. 'n Klein seuntjie het geloop en hulle een vir een begin teruggooi. 'n Omie wat verbygestap het, het hom gevra:

"Seun, jy sal mos nie al daai seesterre kan red nie!?"

Die seuntjie antwoord toe:

"Ja Oom dis waar, maar ek kan hierdie een red." En met die gooi hy nog 'n seester die see in.

Dit lyk baie keer asof een mens nie 'n verskil sal kan maak nie. Maar tog, as baie enkelinge aan die dink gesit kan word sodat daar meer monde (seesterre) kan saampraat, kan 'n verskil gemaak word!

Met hierdie gedagte begin ek toe 'n denkbeeldige verhaal oor Pretoria skryf. Dit gaan oor twee Trekkerfamilies wat hulle in die omgewing van Pretoria kom vestig het. Die twee families het grond afgebaken en elk 'n plasie begin. Met tyd het hulle twee huisies op hulle grond opgerig. Dan volg die interaksie met mekaar en die ander Trekkerfamilies in die omgewing.

Ek was juis besig met navorsing oor hoe Pretoria in 1854 gelyk het. Daar was baie interessante verhaaltjies en skilderye wat my so 'n ietsie meer van ons mense vertel het wat die lewende swaarkry soms met 'n knippie sout gevat het. Dit het van die Trekkermense, mense gemaak!

Die maskers waaragter die meeste geskiedskrywers die Voortrekkers weggesit het, het begin verdwyn! Toe kon ek myself begin inleef in hulle wêreld. Ek kon hulle frustrasies begin verstaan asook hul humor en hartseer.

Maar die storie het my al hoe meer begin terugdruk na vanwaar die mense dan nou vandaan kom. So het ek toe by die BEGIN uitgekom! Die storie het 'n verhaal geword, en die verhaal 'n sage. Die mense se daaglikse doen en late het begin belangrik word en die vraag wat ek toe geforseer word om te vra was: WIE WAS HIERDIE MENSE!?

Baie skrywers se boeke moes ek toe koop om te kon lees oor wat ander mense te sê het oor die Trekkers. Ook moes ek tussen die lyne leer lees en my eie opinie vorm. Ek begin toe in 2009 skryf. Na ses jaar van skryf is ek klaar, elke dag 'n bietjie. Een seester op 'n slag.

Wateers net 'n boek van so 300 bladsye sou wees is nou drie boeke. Die triloogie heet *Kamees en Kaneel*. Elke boek se omslag het ek self ontwerp. Daar is 222 Tekeninge & 31 Kaarte. Die eerste boek is nou gereed, Een seester op 'n slag!

Vir meer oor die boeke, kan u my gerus kontak by chpfeuhl@gmail.com

AGTEROS

Net voor uitspantyd



Plaaswerker in die Kalahari:
"Toe die Oubaas nog vir ons
reën gegee het, was dit reg.
Maar vandat Baas Niño die
reën moet gee, sukkel ons."

So 'n droogte vergeet 'n mens nooit nie. Dit bly iewers in jou sit. Dit was die jaar toe ek agt geword het, die jaar toe dit wéér nie in ons deel van die Noord-Kaap gereën het nie.

Selfs die vaalbos se blare het verlep en laatmiddag kon jy nie meer die dorpsdams op hul voorstoep hoor lag nie.

Hulle het aan hul kromsteelpype se stiele gekou en hul oë het pal deur die lug gesoek, terwyl 'n tolbos oor die dorpsplein rol en hulle praat oor boorgate wat opdroog en perskebome wat nie dra nie.

Die son het die dorpsdam se laaste water kom wat en net 'n laag modder het oorgebly, wat begin kraak en bars en opkruel het, asof die aarde besig was om vel-af te gaan.

Dit was asof alles stadiger begin beweeg het: Uit Kuruman se koers het oom Gert se vaal Thames-lorrie stadig met 'n vrag voer vir sy Jersey-koeie in 'n lugspieëling aangedryf gekom, en in die Commercial Hotel se kroeg het oom Johnny stadig met 'n glas whiskey na sy mond gesoek, want die man van die bank het klaar vir Haasfontein kom opeis.

Soms het so 'n simpel wind vir ons rooi Kalahari-sand gebring, wat rondom die klapperhaarmatjie by die voordeur saamgepak het.

En later het Pa opgehou om die pampoenrank agter-in die jaar met 'n gieter water te gee.

Die wêreld se probleme het vir ons onbelangrik geword. Niemand was meer bekommerd oor die Sappe se oorwinning in 'n tussenverkieping in Pinetown of die oorlog in Viëtnam nie. Elke aand het ons voor die radio gewag vir die weervoorspelling ná die seweuumuus; en elke aand was daar niks vir ons nie.

Elke aand was ons die elders waar dit mooiweeren warm sal wees – mooiweeren warm terwyl die blink straaltjie uit ons boorgat al modderiger raak en oom Hans een middag 'n stuk of veertig uitgeteerde dorperooie moet op sy plaas moes keelafsny.

Die meeste gesprekke het rondom reën begin draai. Het jy gehoor daar of daar het hulle darem so 'n los buitjie gehad? Dit was net stofnatmaak, maar dis darem iets.

Elke windje en wolk was 'n belofte, wat oral bespreek is.

Een Sondagoggend het Dominee in die kerk afgekondig: 'n Biddag vir reën sal Vrydagoggend om elf gehou word. Nou was daar nie meer Gatjjeponders en Doppe en Hervormers en Apostolies op die dorpie. Die biddag was oop vir almal.

Dominee was kalmer as gewoonlik, hy het nie een keer tydens die preek sy vuis in die lug geskud nie, en later was daar geleentheid vir gebed. Oom Andries het eerste orent gekom: "Dierbare, Almagtige Vader, ons raak vandag klein en nederig hier voor U..."

Ek kan nie onthou wanneer dit weer by ons begin reën het nie. Ek onthou daardie droogte beter as die reën wat die uitkoms gebring het.